Sondag, 30 Mei 2021
Triniteitsondag

Wees getroos, ons is kinders van God!

Die Gees van God bring troos op die mooiste manier in almal se lewens, en bewerkstellig ‘n verhouding so heg soos tussen ‘n ouer en ‘n kind.

“Daar is dan nou geen veroordeling vir diegene wat in Christus Jesus is nie. Die wet van die Gees wat in Christus Jesus die lewe gee, het jou immers vrygemaak van die wet van die sonde en die dood. Almal wat deur die Gees van God gelei word, hulle is kinders van God. Julle het immers nie ‘n Gees ontvang wat verslawing bring, sodat julle weer bang hoef te wees nie; nee, julle het die Gees ontvang wat bevestig dat ons tot kinders aangeneem is, en deur Hom roep ons “Abba, Vader!”
(Romeine 8:1-2, 14-15).

Êrens in ‘n hawe dorpie in die jare 55 of 56 van ons jaartelling – dus, so twintig jaar ná Jesus se kruisiging, opstanding en hemelvaart – skryf Paulus ‘n brief aan ‘n paar huisgemeentes in die groot stad Rome. Hy skryf aan nuwe Christene, gelowiges wat vanuit die Joodse- en nie-Jode gemeenskappe oorgekom het na geloof in Jesus Christus, met die oog daarop om hulle in diepte te vertel van die evangelie waarin hy, en hulle nou ook, glo. Die gemeentes in Rome is wel nog sterk beïnvloed deur ‘n gevoel van verpligting om aan die Joodse wet en -regulasies te voldoen. Paulus besef hierdie druk omdat dit al in sy lewe self ook was; hyself was immers ‘n Fariseër en het die wet stiptelik probeer navolg, daarom het hy die vrymoedigheid om vir hulle te sê dat hul uit die verslawing wat die wet kan meebring, bevry is. Om die verpligtinge van die wet na te kom, hou die gelowiges vas in hul onvermoë, hul geneigdheid tot sonde en dit kan hul lewens so erg verwoes dat dit hul dood meebring – in ‘n geestelike sin bedoel.

Daarom skryf Paulus vir hulle dat die Gees van God, wat reeds in hulle is, juis nie hierdie wettiese verpligtinge voorop stel nie; dit is ook nie ‘n Gees om voor bang te wees nie. Hierdie is ‘n Gees wat bevestig dat hul kinders van God is. Omdat die Gees bevestig dat hulle – en ook ons – kinders van God is, beteken dit dat daar ‘n hegte verhouding tot stand gekom het. ‘n Verhouding soos tussen ‘n ouer en kind. Hierdie verhouding bring troos – aan die gemeentes in Rome, maar ook vir ons. Dit beteken wel nie dat die lewe vorentoe sonder beproewings sal wees nie, skryf Paulus: hou Christus se lyding in gedagte, maar ook sy verheerliking. En daarop berus ons hoop: ook óns sal die heerlikheid beleef. Ons kan daarom leef as mense wat getroos is, want ons is deur die Gees kinders van God gemaak.

Teol.Std. Lunette Visser

Hartlik welkom by ons erediens vanoggend, gelei deur teologiese student Lunette Visser en ons orrelis dr. Johan Cromhout. Die erediens is ook vooraf opgeneem en word via ons webblad, op *Facebook* en op Berg-en-Dal se *YouTube-kanaal* na alle lidmate uitgestuur.

LITURGIE

Wydingsmoment: "Ons is almal hier tesaam" (Lied 164:1 en 2)

Aansteek van Christuskers:

Votum en seëngroet

Loflied: "Aan die Vader dank en ere" (Lied 453:1, 2 en 3)

Skriflesing: Romeine 8:1-2, 12-17

Prediking

Verootmoediging: "Troue Here van my lewe" (Lied 241:1 en 2)

Genadeverkondiging

Geloofsbelydenis: Apostolicum

Danklied: "Ewig, onbegryplik Wese" (Lied 260:11)

(In erediens: bevestiging van kerkraadslede)

Gesamentlike gebed

Slotlied: "Allerhoogste Hemelvader" (Lied 475:1 en 2)

Seënbede

Orrelnaspel: "Allerhoogste zij geprezen" (Lied 475, John Goss)

Met dank aan ons digitale span wat hierdie opname/uitsending moontlik maak: Danie Joubert, RW Adendorff, Adri van den Berg, Heidi Esterhuyse (blomme) en Rita van Zyl.

EREDIENS- EN DEURKOLLEKTES

Erediens- en deurkollektes, saam met u dankoffer, hou ons eredienste en bedieninge in stand, help met noodleniging en betaal ons ook elke Sondag 'n bedrag van R 500 oor aan die instansie soos op die program vir deurkollektes vermeld (Vandag, 30 Mei: Bedieningsmateriaal).

Jy kan 'n kollekte of dankoffer na Berg-en-Dal oorbetaal, via die internet (eft) na **ABSA Tjekrek. 470-580-011** of per snapscan –
Baie dankie vir jou bydrae en gebed, en leef met ons visie:

Op berge en in dale, oral voor Gods aangesig...

Ander Eredienste:

Sondag, 30 Mei	18:00 – ds. Jan Lubbe: Diens van Woord en gebed (Taizé).
Sondag, 6 Junie	09:30 – ds. Johan Marais (doop); gesinsdiens in die saal ds. Jan Lubbe.
	15:00 – teol.std Steve Bopane (Sothodiens).
	18:00 – ds. Jan Lubbe (Pastorale gesprek).
Sondag, 13 Junie	09:30 – ds. Jan Lubbe (Nagmaal).

Die huidige inperkingsmaatreëls maak voorsiening dat ons die helfte van vloerspasie kan benut wat beteken ± 220 lidmate in oggenddienste in die kerk en 80 in die saal. Ons is bewus van die derde vlaag van Covid-19 wat tans oor ons stad en provinsie woed, en doen daarom 'n beroep op alle lidmate om orals en te alle tye versigtig op te tree en veiligheidsreëlings (afstand, maskers, handreiniging, goeie ventilasie) te handhaaf. Sou daar nuwe inperkingsmaatreëls kom en dit ons eredienste beïnvloed, sal ons u weer per sms daaroor inlig.

MEELEWING EN VOORBIDDING

Ons hartlike gelukwense aan almal wat vandag en in die komende week verjaar:

30 Mei	Immie Howard.
31 Mei	Piet le Roux, Pieter Klindt, Iné Botha en Mia Streicher.
01 Junie	Danie Schoeman, Lourens Els, Frank Scheepers, Diaan Rossouw, Martelize Weyers, Stephan Meintjies en Reynardt Breytenbach.
02 Junie	Hantie Meyer, Petri Crause, Greyling Kruger en Gretha Zietsman.
03 Junie	Sannette Greyvenstein en Luané le Roux.
04 Junie	Ria Jacobs en Thenette Mulder.
05 Junie	Anja Louw, Johannes Liebenberg en Calvin Hellerle.

Ons dink in gebed aan lidmate wat siek is, in hospitale of tuis aansterk: Conna Lups (Deanelaan 15, wyk 20a); Philip Kühn (Plettenbergstr. 7, wyk 14); Lieb Swiegers (Santé 107, wyk 18b); Nadiha Visser (Van Schoorstr. 31, wyk 3a); Donald Laas (Fluenta 18, wyk 8c) en Martin Coetzee en gesin (Winterstr. 4, wyk 6b). Verskeie ander lidmate was of is ook steeds siek met Covid, ander het positief getoets – ons bid jul almal die nabyheid en moed toe wat net God kan gee. So-ook vir mediese- en verpleegpersoneel, onderwysers en dosente; almal wat hul bes doen onder die huidige omstandighede – baie sterkte! Dan vermeld ons ook die name van dr. Carin van Schalkwyk, skriba van die Vrystaatse Sinode en predikant in Philippolis, wat hierdie week slegte nuus oor haar gesondheid gekry het, sowel as ds. Dries Cronjé van Viljoenskroon wat gehospitaliseer is met Covid – vir voorbidding, asb.

BYBELSTUDIES, KLEINGROEPE EN GEBEDSAKSIES

Die Mannegebedsgroep tree in vir ons gemeente, land en mense – kontak ds. Johan (084 517 8052) indien jy by die whatsappgroep wil inskakel en vir die gebedsversoeke. 'n Gemeentegebedsgroep bid gereeld saam oor aktuele sake vir ons land – kontak Elise Ferreira (082 846 2574) om meer inligting te ontvang.

Die Woensdagaand-Bybelstudiegroep "vergader" aanlyn; ons lees in die volgende ses weke die *Brief van Clemens aan die Korintiërs*, 'n vroeg-Christelike geskrif wat baie interessante inligting oor die vroeë gemeentes gee en o.a. oor verdeeldheid in hul

geledere... Indien jy hierby wil inskakel, stuur 'n boodskap na ds. Jan (082 784 9362) en ontvang die inligting per whatsapp.
Die Donderdagoggend-Bybelstudiegroep lees en dink na oor *Wanneer God beeldryk praat oor sy kerk...* Om aanlyn hierby in te skakel, kontak ds. Johan by 084 517 8052.

KERKRAADSAKE

Pastorale sorg:
Wyke 1-10 – ds. Jan Lubbe (082 784 9362)
Wyke 11-20 – ds. Johan Marais (084 517 8052)

As leraars (en ouderlinge) wil ons lidmate graag pastoraal bystaan en bemoedig; indien daar 'n behoefte vir pastorale ondersteuning of gesprek is, kontak ons.

Gasvryheidsbeurte, sorg-en-omgee:
In Junie staan **Wyke 3** (Blok agter kerkgebou en weswaarts tot by Huis Eie Haard) **en 4** (Westelike hoër hang teen Grant's Hll) in vir ons bediening van gasvryheid, sorg en omgee – indien jy wil help, kontak gerus die kerkkantoor of Rita (083 656 1680). **Baie dankie aan Wyke 1 en 2 vir jul gasvryheid, blomme en sorg deur Meimaand!**

Kantoorure:
Maandae en Woensdae van 09:00-12:00 (Rita van Zyl) en Vrydae van 09:00-12:00 (Adri van den Berg). Alle personeel is deurgaans per foon bereikbaar.

BEDIENINGE

Vergaderings:
Maandag, 31 Mei 18:00 Bestuursraad
Sondag, 6 Junie 18:00 Kerkraadsvergadering (direk ná die aanddiens).

GETUIENISBEDIENING
Noodleniging : Ons het ook bewusgeword van 'n behoeftige moeder wat klere vir haar 19-jarige dogter benodig (no.26 – langbroekmaat); indien jy kan help – bring asb. na die kerkkantoor.

Insameling vir ENGO en Vrouekomitee-projek:
Indien daar nog bydraes is vir die ENGO- en Vrouediensprojek om voedsel vir behoeftiges in die stad in te samel, bring dit asb. voor Woensdag na die kerkkantoor; ons wil dit graag gaan aflewer by ENGO. Die "Bottels vol Hoop" – sien die "resep" – in 'n vorige Fokus, gaan voort deur die winter; bring bestanddele of meng self tuis.

SPESIALE DANKOFFER MEI 2021

Ons **Spesiale Dankoffer**-insameling vir Mei 2021 verloop goed; baie dankie aan almal wat reeds 'n bydrae gemaak het. Die kerkraad het – ook in die lig van die impak van Covid-19 en die inperkings – 'n mikpunt van **R 295 000** daarvoor begroot, en staan ons tans op **R 263 449**; baie dankie. Daar is nog koevertjies op die tafel in die voorportaal, maar inbetalings kan ook elektronies geskied; sien die besonderhede vroeër in hierdie *Fokus*. Kom ons help Berg-en-Dal, en so verder...